PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERSOEK OM BENOEMINGS

AANSTELLING VAN LEDE IN DIE RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE (SAUK)

Instellings en/of individue word hiermee versoek om persone te benoem om vakante poste vir nie-uitvoerende lede in die Raad van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Beperk te vul soos bepaal in Artikel 13 van die Uitsaaiwet, Wet Nr 4 van 1999.

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het ingevolge die Uitsaaiwet (1936) tot stand gekom as 'n staatsonderneming wat radio- en televisie-uitsaaidienste in Suid-Afrika verskaf.

Lede van die Raad, oor die algemeen beskou, moet persone wees wat:

- geskik is om in die Raad te dien op grond van hul kwalifikasies, kundigheid en ervaring op die terrein van uitsaaibeleid en tegnologie, uitsaairegulasies, mediawetgewing, sakepraktyk en finansies, bemarking, joernalistiek, vermaak en onderwys, en maatskaplike - en arbeidsaangeleenthede
- verbind is tot regverdigheid, vryheid van spraak, die reg van die publiek om ingelig te word, sowel as oopheid en aanspreeklikheid ten opsigte van diegene wat openbare ampte beklee
- 'n breë spektrum van die bevolking van die Republiek verteenwoordig
- verbind is tot die doelwitte en beginsels soos in die Handves van die SAUK uiteengesit
- Suid-Afrikaanse burgers is wat permanente inwoners van die Republiek is.

Skriftelike benoemings moet die volle naam en adres van die instelling en/of individu bevat deur wie die benoeming gedoen word, die benoemde se skriftelike aanvaarding van sodanige benoeming en sy/haar Curriculum Vitae, wat die volgende inligting moet bevat:

- volle naam, ID-nommer en geslag
- kontakadres, telefoon- en faksnommers en e-posadres
- vorige ervaring (meld betrokke datums en organisasies)
- gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en Identiteitsdokument.

Benoemings en navrae moet gerig word aan **Mnr Thembinkosi Ngoma**, Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (aandag: die Komiteesekretaris), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000, of per e-pos gestuur word na **tngoma@parliament.gov.za** of gefaks word na **0865225740**. Telefoonnavrae kan gemaak word deur **(021) 403 3733** te skakel.

Die sluitingsdatum vir benoemings is Vrydag, 30 Junie 2017, om 16:00.

Neem asseblief kennis dat benoemdes aan 'n kwalifikasie-ondersoek en sekerheidsklaring onderwerp sal word. Benoemings wat laat ingedien word, sal nie oorweging geniet nie.

Uitgereik deur mnr CHM Maxegwana, LP: Voorsitter, Portefeuljekomitee oor Kommunikasie.